

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat is jou vraag of vrae vir God?

Skriflesing: Eksodus 17:1-7 (1953)

¹ DAAROP het die hele vergadering van die kinders van Israel, volgens die bevel van die HERE, van plek tot plek uit die woestyn Sin getrek en laer opgeslaan in Ráfidim. En daar was geen water vir die volk om te drink nie.

² Toe twis die volk met Moses en sê: Gee julle vir ons water om te drink. Maar Moses antwoord hulle: Wat twis julle met my? Waarom versoek julle die HERE?

³ Maar die volk het daar gesmag na water, en die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders en my vee van dors te laat omkom?

⁴ Toe het Moses die HERE aangeroop en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my.

⁵ En die HERE het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het, in jou hand en gaan weg.

⁶ Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel

⁷ en die plek Massa en Mériba genoem vanweë die twis van die kinders van Israel en omdat hulle die HERE versoek het deur te sê: Is die HERE in ons midde of nie?

Broodjies vir die pad

Sirië

geen taal hiervoor nie –
waarheen dan met leegtes?

so ver van hieraf dat
ek niks daaraan kan doen nie -
dié vlugtelingskampe elders
buite die land uitgegooi
op gebreekte sand
'n nuttelose kordon
teen die skryende koue son

elke tent saamgelap
tot verdroogde slakkedop.

geen boom of voël in sig.
'n eenkantkind spelende
in vergeelde lig en stof.
verbeeldingsvlerk en kneusing
saamgemaak tot spel:

hyskrane om soms
'n skoenbokshuis af te laai -
so groei 'n stukkende dorp
uit die bloed van die grond.
maar waarheen dan?

verminkte kinders
teenmekaar geplak
sonder ma of pa.
kermende nablyfsels
van oorlog se verlies.

iewers probeer 'n vrou
'n groentetuin aanlê
om verlede jaar te ontsê.

'n afbeenman verlang daarna
om weer eie brood te bak.

Marlise Joubert / 2014

<http://versindaba.co.za/2014/09/25/marlise-joubert-sirie>



Is daar régtig iets wat geld nie kan (of hoef te) koop?

Dirkie Smit

Gelukkig is daar wel dinge wat geld nie kan koop nie, of liever, nie hóéf te koop nie. En gelukkig is vele van dié juis van die heel beste wat daar is. Juis dit wat geluk bring, ons harte vul met dank, ons dae met betekenis, ons herinneringe met blydskap. Gelukkig is daar iets soos doodgewone maar tog wonderbare seëninge, vreugdes, góédheid. En gelukkig is dié mense wat die oë ontvang om dié soorte seëninge raak te sien. Wat harte ontwikkel wat hulle kan waardeer. Mense soos Denise Ackermann, wat hiervan vertel in haar nuwe boek oor Ordinary Blessings, dié week vrygestel.

Die idee vir die boek – só vertel sy – is gebore tydens 'n gesprek met 'n Anglikaanse priester van die Kaap, sedertdien jonk oorlede aan kanker. Terwyl hulle destyds saam sug oor die vele onnoembare leed en onreg oraloor, merk hy – verrassend! – op dat daar tog ook soveel is om voor dankbaar te wees, al sien ons dit soms ook moeilik raak, so te midde van al die winters van die hart. Dis tóé dat sy besluit om 'n slag na te dink oor dié seëninge, oor

súlke verrassings – as ons hulle net kan herken en leer waardeer.

Sy begin toe 'n lysie van haar eie hedendaagse saligsprekinge. Salig is diegene wat dit en dit, salig is hulle wat dat en dat. Sewe sulke gedagtes. Salig beteken gelukkig, begenadig, geseënd, bevoorreg. Soos in die Bergrede se salig is die armes van gees en salig is dié wat honger en dors na geregtigheid. Maar sy maak haar éie lysie, vir vandág – en nie een op haar lysie het iets te make met hê of besit nie. Almal het eerder te make met iets wat ons ontdek, rááksien, ontváng, waardeur ons as 't ware oorkom word, verras word – soms onverwags en skielik, maar soms langsaam en moeisaam, want van hulle moet aangeleer word, sê sy. Maar tog is almal gratis. Geld kan hulle nie koop en betaal nie – en hoef ook nie.

Nou is die interessante vraag natuurlik hoe ons eie lysies sou lyk? Ons kan hulle immers álmal maak, van dié dinge wat die lewe na óns oordeel die moeite werd maak? Van mense wat hulleself in óns oë gelukkig kan ag? Dalk mag ons ook verbaas staan oor hoeveel daarvan nie te koop is nie, maar vrye guns? Nie veraf en skaars is nie, maar heel gewóón, naby en óm ons? Wat van verwonder aan die see? Bome kyk? Berge klim? Sy vertel juis van haar plesier aan voëls kyk. Of wat van stilte? Lees? 'n Vriendelike gesig? Kuier met vriende? Geselskap van kinders? Kleinkinders se laggies? Die nag se rus? Die eerste lig? Elkeen sal hul eie salighede die beste ken.

Onlangs verskyn nóg so 'n terug-kyk-boek, onderhoude met die Nederlandse filosoof Samuel IJsseling. Die titel is Dankbaar en Aandagtig. Hy benodig net dié tweé, maar dis ewe aangrypend. Geseënd is dié wat geleer het om dankbaar te wees. En om aandágtig te lewe, oplettend, belangstellend. Dís nou goeie boekhouding, of hoe, gesónde ekonomie – om so ons seëninge te leer tel? Trouens, één van die groepe op haar lys is juis dié wat geleer het wanneer genoeg genoeg is – gelukkig is hulle, sê Ackermann.

<http://www.dieburger.com/stemme/2014-09-06-is-daar-rgtig-iets-wat-geld-nie-kan-of-hoef-te-koop>

Brood vir die pad

Dankbaarheid teenoor God wek soms vrae

Wilhelm Jordaan

In sy Goeie Nuus (Beeld, 17 September) is Stephan Joubert oorbluf oor die bewoording op twee luukse motors se nommerplate – onderskeidelik “Blessed” en “God’s Gift”.

Wat moet arm mense dink van sulke “geseënde” voertuie, vra hy. Daarmee saam kom baie ander vrae oor dankbaarheid teenoor God.

Dit het baie skakerings. Sommige doen dit openlik deur nommerplate, slagspreuke en ander getuienisse. Ander doen dit in die privaatheid van hul binnekamer, deur bepeinsing in die stilte van hul tuin of elders in die natuur.

'n Mens betwyfel nie graag mense se dankbaarheid teenoor God nie. Tog behoort 'n mens te begryp dat

dankbaarheid lastige bybetekenisse kan bevat wat geloof in God vreemd laat lyk.

Om dit ietwat wrang in te klee: 'n Luukse motor is in 'n ongeluk waarin 'n hele gesin sterf. 'n Koerant plaas 'n foto van die opgefrommelde motorwrak en al wat mooi sigbaar is, is die nommerplate “Blessed” (of “God’s Gift”). Nie Goeie Nuus nie, nè?

So is daar baie ander vreemde subtekste – miskien juis in ons samelewing waar die verskil tussen welvaart en armoede so skreiend opvallend is. Byvoorbeeld: Terwyl jy werklik oortuig en dankbaar is dat jou welvaart van God kom, kan jou openbare dankbaarheid te kenne gee God het jou spesiaal beloon; sý teenprestasie vir jou lewe van toewyding aan hom. En daar vir almal om te sien.

Hoe moet gelowige armes wat ook hul lewens aan God toewy, maar nooit materiële oorfloed sal hê nie, húl situasie beleef? Dat God sy goeie guns van hulle weerhou as 'n soort straf vir gebrekkige toewyding? Dat nog meer toewyding die begeerde voorspoed sal bring?

Daaruit kom die skrikwekkende afleiding dat God mense beloon of straf na gelang hulle hom behaag of nie. Deur dit te glo, betrek ons, uiters selektief, God in ons selfdienende skematjies oor hoe Hy is en hoe Hy ons en die ganse kosmos “bestuur” as 'n baie bedrewe hoof wat graag die leisels hou. Dit is om van God 'n afgod te maak.

In sy boek Geloof anderkant Sondag wys die teoloog Julian Müller op die implikasies van so 'n Godsbeeld wat uitmond in die geloofsverstikkende godsdienstige lessies wat ons mekaar probeer leer.

Eerder as om dankbaarheidslysië op te stel en God vir elke item te bedank, kan ons dankbaarheid gedra word deur 'n stil versekering dat God in ons lewens teenwoordig is op maniere wat ons nie begryp nie, maar verwonderd laat. En dat Hy ons liefdevol omhels wat ook al op die lewenspad gebeur.

Dié soort dankbaarheid roep gelowiges om liefde, sorg, deernis en hoop tussen mekaar waar te maak. Byvoorbeeld so dat welvaart ook aangewend kan word vir hulle wat min of niks het nie en deur betrokke te raak by ander se ellende.

Waar dít gebeur, groei 'n Godsbesef wat op die allerdiepste dankbaarheid berus oor die rykdom van 'n geskenkte lewe; vir die enkele leefbeurt wat jy het..

<http://www.beeld.com/stemme/2014-09-24-dankbaarheid-teenoor-god-wek-soms-vrae>